Pretoria- 19 Mei 2013

Skriflesing: Johannes 6:37-40; 10:22-30; Romeine 8:28-39
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 8**
Teks: Joh. 6:39; 10:28; Rom 8:37-39
Sing- Ps. 87:1; Ps. 1:4; Ps. 138:4

Johannes 6:37-40

Joh 6:37 Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.
Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.
Joh 6:39 En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.
Joh 6:40 En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Johannes 10:22-30

Joh 10:22 En dit was die fees van die tempelwyding in Jerusalem, en dit was winter.
Joh 10:23 En Jesus het in die tempel gewandel in die pilaargang van Salomo.
Joh 10:24 En die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons ronduit.
Joh 10:25 Jesus antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, dié getuig van My.
Joh 10:26 Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie, soos Ek vir julle gesê het.
Joh 10:27 My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.
Joh 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
Joh 10:29 My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.
Joh 10:30 Ek en die Vader is een.

Romeine 8:28-39

Rom 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.
Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;
Rom 8:30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.
Rom 8:31 Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?
Rom 8:32 Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?
Rom 8:33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak.
Rom 8:34 Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.
Rom 8:35 Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?
Rom 8:36 Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.
Rom 8:37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.
Rom 8:38 Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge
Rom 8:39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

Pretoria- 19 Mei 2013

Dordtse Leerreëls- Paragraaf 8

Dat hulle nie heeltemal uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde in die sonde bly of verlore gaan nie, verkry hulle nie deur hulle eie verdienste of inspanning nie, maar weens die genadige barmhartigheid van God. As dit van hulle afgehang het, kon dit nie alleen maklik gebeur het nie, maar sou dit ook ongetwyfeld gebeur het. Maar omdat dit van God afhang, kan dit glad nie gebeur nie. Immers, sy raad kan nie verander, sy belofte kan nie verbreek, die roeping na sy voorneme kan nie herroep, die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus kan nie kragteloos gemaak word nie, net so min as wat die verseëling deur die Heilige Gees verydel of vernietig kan word.

Skriflesing: Johannes 6:37-40; 10:22-30; Romeine 8:28-39
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 8**
Teks: Joh. 6:39; 10:28; Rom 8:37-39
Sing- - Ps. 87:1; Ps. 1:4; Ps. 138:4

Ons het vanoggend daarop gewys broeder en suster, die gelowige is sy hele lewe met 'n wedloop besig. Elke dag is 'n wedloop. Vir sommige is die wedloop baie langer as vir ander. Die pad waarop ons hardloop is ook nie vir almal dieselfde nie. Party moet oor hoë berge gaan, ander het 'n baie meer gelyk pad, ander moet weer deur donker diep valleie hardloop. Tog is dit vir geeneen maklik nie.

Die wedloop van die lewe is wat die gelowiges aanbetref vir geeneen maklik nie, maar dit het u vanoggend ook reeds gehoor, daar is nie 'n enkele ware gelowige wat nie hierdie wedloop sal aflê en dit nie sal voltooi nie. Al die gelowiges sal die kroon van roem, die erekrans van roem ontvang. Die beloning van die ewige lewe wag op al die gelowige kinders van God. Daarom dat Paulus met soveel sekerheid in 1 Kor. 9:26 kan sê- steeds gedagtig aan die Olimpiese Spele *26 Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie.* Dit sluit so mooi aan by wat Paulus aan die einde van sy lewe kon sê - *7 Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. 8 Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het* (2 Tim 4:7-8). Duidelik praat hy weer van die prys wat ons gaan ontvang- *... die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het..*

Voor dit is daar egter 'n stryd om te stry. 'n Wedloop wat voleindig moet word. As hy praat van die stryd wat hy moet stry is die Grieks vir die die woord stryd, die woord avgwni,zomai (agonizomai)- wat meer letterlik wys op daar is 'n geveg wat geveg moet word, trouens wie die Woordeboek Nida en Louw raadpleeg sal sien die woord lê in die veld van daar gaan mededinging wees, maar hierdie stryd is tegelyk 'n strewe. Fisiese en

geestelike krag gaan vereis word, die opposisie gaan sterk wees, dit gaan baie keer op 'n geveg uitloop. Saam met die stryd praat Paulus van die wedloop- Hierby sluit die Hebreër-skrywer ook aan – as hy sê dat ons *met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,* **2** *die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het* (Heb. 12:1).

Ons moet met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, maar kan ons, kan ons dit werklik uit onsself doen, broeder en suster?! Néé, as ons nie bewaar word nie, as ons nie gepreserveer word in wat ons reeds ontvang het nie, is ons almal verlore. Dit wat ons reeds ontvang het staan in die Dordtse Leerreëls hier eintlik met drie paragrawe agtereenvolgens. Paragrawe 6,7 en 8. Ons het in paragraaf 6 gesien dat God sy Heilige Gees nooit heeltemal van die uitverkorenes sal wegneem nie. Die onveranderlike besluit van die uitverkiesing wat ons daarvan verseker het dat ons nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad is ons wedergebore.

Ons het gesien dat Petrus en Dawid is die bewys van al het hulle albei jammerlik geval, maar staan die gebeure in Luk. 22:61-62 heel duidelik- God los nie sy kind nie- **61** *En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk, en Petrus het die woord van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.* **62** *En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween.* Petrus wat self so geval het, later dan sê hy hoekom hy wat Petrus is behoue gebly het. 1 Pet. 1:23- **23** *want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.* Hyself, Petrus is gebore, wedergebore uit die onverganklike saad van die wedergeboorte. Par.7 handel presies hieroor. Hoe God die onverganklike saad van die wedergeboorte bewaar. Dit is God se preservering. Hy bewaar ons deur al sondig sy kind verskriklik, Hy neem sy Heilige Gees nie heeltemal van hom/haar weg nie, want die onverderflike of die onverganklike saad van sy Woord wat die wedergeboorte geskenk het, kan nie vernietig word nie.

Inplaas van dat daar volharding in die sonde bly voortduur skenk God eerder bekering. Die Woord en Gees bekeer ons- Ons het in par 7 bely dat **Hy vernuwe ons deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot bekering. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle**

gedoen het van harte en volgens die wil van God berou het...

In aansluiting by die vorige twee paragrawe, broeder en suster, staan paragraaf 8 net so sterk. God neem sy Gees nie heeltemal weg nie, God bewaar sy saad, die onverganklike saad van die wedergeboorte in sy kinders en so kom paragraaf 8 en gee eintlik nog ’n derde rede waarom die uitverkorene nie verlore kan gaan nie. Dit gaan daaroor dat God in beheer is. God voorkom dat die uitverkorene die genade verloor. Dit is waaroor par.8 in wese oor handel. Die heilsorde soos ons dit ook in Rom 8:30 lees, dit vorm soos die skakels van ‘n ketting wat God nie sal toelaat dat die ketting breek nie. *30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.*

As dit sou wees dat iemand hierdie ketting uit God se hand sou kon ruk, broeder en suster dan was ons almal verlore so seker soos wat 2X2 wel 4 is. Die Here Jesus het Self daarvan gepraat as Hy sê *22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.*

***

Hierdie feit dat ons van alle kante bewaar word moet ons veral by die deel van ons belydenis aangryp. In besonder die werk van God die Vader, die werk van God die Seun en die werk van God die Heilige Gees. Die Vader se Raad kan nie verander nie. Die verlossing van die gelowiges is ten diepste ’n saak van God die Vader se raad. Hy het ons in Christus uitverkies. Voor die grondlegging van die wêreld. Hy werk alles volgens die Raad van sy wil. Daarom sal God sy uitverkorenes nie verlaat nie. As Hy sy uitverkorenes sou verlaat, dan sou Hy Homself verloën. Maar God kan Homself nie verloën nie. Dan sou Hy geen God meer wees nie. Die Heer se Raad word nooit gekeer nie. Nie deur my dade nie. Ook nie deur sekere magte of kragte nie.

Hierin maak die Remonstrante ook ’n groot fout, hulle dwaal as hulle sê God kan vooruit sien en omdat sy voorsienigheid eintlik sy uitverkiesing bepaal daarom het Hy ons uitverkies. Dit klink so reg maar dit is baie gevaarlik! Gestel dat God my sou gekies het omdat Hy eers iets goeds in my gesien het, bv. dat ek my hart aan Jesus gee, dat ek vir Hom gekies het. Dan sou dit denkbaar wees dat God van gedagte sou kon verander, wanneer Hy sien dat ek in my

geloof wankel. Maar dis nie hoe God werk nie. Hy gee sy verlossende genade nie omdat Hy vooruit gesien het dat ons in Christus sou glo nie.

Ons is totaal verdorwe. Ons verdien van nature om deur God verwerp te word. Die rede waarom Hy my tog liefhet lê by Homself alleen. In sy verkiesende liefde. God het vanaf die begin geweet dat daar heeltemal niks in ons is wat ons vir sy liefde en genade waardig sou maak nie. Daarom kan daar ook niks by ons wees, soos sonde of twyfel, wat Hom daartoe noodsaak om sy liefde en genade aan ons te onttrek nie. Die rede van sy liefde lê mos in Hom en nie in ons nie.

Die tweede wat van die Vader gesê word is dat sy belofte nie verbreek kan word nie. In Joh 10:27ev noem Christus die belofte: *En ek gee hulle (dit is my skape) die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.* Satan probeer baie hard om ons uit die hand van die Vader te ruk. Ons het die belofte: *Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.* Niemand beteken werklik niemand. Geen ander persoon of mag nie.

Ekself sal so maklik die oorsaak kon wees dat ek vir ewig verlore kan gaan. Die uitverkiesing bewaar my ook teen myself! Niemand kan ons uit die hand van my Vader ruk nie. In Christus se hande is sekere mense wat die Vader aan Hom gegee het. Maar God die Vader plaas sy hande om Christus se hande. En niemand, nie die duiwel, die wêreld, 'n kerk of ek self nie, kan die hande oopbreek nie. Niemand van hulle kan verlore gaan nie.

Paulus is oortuig dat niks die uitverkorenes van God se verkiesende liefde in Christus kan skei nie. Geen verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard nie. Inteendeel! In al hierdie dinge is die gelowiges meer as oorwinnaars deur God wat hulle liefhet. So eindig Paulus daardie gedeelte met die pragtige oorwinningslied: *Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.* Dis die volharding van die heiliges. Daar is absoluut niks in die hele wêreld – in die verlede, hede en of toekoms – wat die gelowige van God se liefde kan skei nie.

Ons word deur die Vader bewaar maar die Seun bewaar ons ook. Ons belydenis bewys die woorde in Prediker... *'n driedubbele lyn word nie gou verbreek nie (*Pred. 4:12). Drie aspekte van Christus se werk is deurslaggewend: sy *verdienste*, *voorbidding* en *bewaring*. Nie een daarvan kan kragteloos gemaak word nie.

Eers word gepraat van sy *verdienste*. Hier dink ons veral aan Sy lyding en kruisdood. Daardeur het hy vir die sondes van ons wat glo betaal en vir ons die ewige lewe verwerf. Indien Christus werklik deur God vervloek was en die helse pyn in die plek van die gelowiges gely het, dit wat die Bybel ons leer, dan bestaan dit nie dat die gelowiges hel toe kan gaan nie. Indien Christus werklik vir my sondes, van die verlede, hede en toekoms, gesterf het dan bestaan dit nie dat God my nog ewig daarvoor sou wil straf nie. Christus is reeds daarvoor gestraf. Dit beteken dat ons wat glo vir seker hemel toe sal gaan.

Tweedens is daar die voorbidding van Christus. In 1 Joh. 2:1 lees ons: *As iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus die Regverdige*. Christus is vandag besig om by sy Vader in te tree vir hulle vir wie Hy gesterwe het. Hy herinner die Vader, so te sê, aan die offer wat Hy vir ons sondes gebring het en dat God as gevolg daarvan ons reeds as regverdig aanvaar het. Die voorbidding van Christus het groot krag want hierdie Voorbidder het reg om verhoor te word. Hy bid op grond van sy eie werk. So juig Paulus in Rom 8:34 daaroor dat niemand ons meer kan veroordeel nie. Hoekom nie? Paulus verklaar dit so: *Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree*.

Derdens is daar Christus se *bewaring*. Ons kan weer wys op Joh. 6: 37-40: *Al wat die Vader my gee, sal na My toe kom en ek sal hom wat na My toe kom nooit uitwerp nie*." Ook Joh 10:28. Daar sê Christus met betrekking tot Sy skape: *Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*

Christus se verdienste, sy voorbidding, sy bewaring kan nie van die werk van die Heilige Gees geskei word nie. Tog het die Heilige Gees hier 'n besondere werk om ons vir die ewigheid te bewaar. Die uitverkorene word deur die Heilige Gees verseël. Die *verseëling* van die Heilige Gees (Ef. 1:13, 4:30) kan nie verydel of vernietig word nie. In Die Grieks is dit **φραγίζω** (sphragizo). Verseël lê in die woordveld van om iets wat gemerk is, dit is geskryf en kan nie uitgevee word nie. Verseëling was 'n oudtydse gebruik om goedere, diere en

slawe te merk sodat dit duidelik was wie die eienaar was. Iets soos ‘n brandmerk. Die tweede betekenis van ‘n seël in ou tyd was om te keer dat goedere, diere, slawe nie gesteel word nie. Daarin sit die betekenis van sekuriteit. So is Jesus se graf verseël om te verhoed dat iemand Sy liggaam kom steel. Om met die Heilige Gees verseël te wees, wys daarop dat ons as God se eiendom bewaar word vir God se groot doel, naamlik die ewige saligheid. Sou die verseëling verydel kan word? Nee, God se Gees waarborg juis ons ewige erfenis. ’n Derde betekenis van om iets te verseël was om iets kosbaar te bewaar vir weer latere gebruik. In die verseëling lê die betekenis om dit te gebruik vir wat dit eintlik voor bestem is. Die gelowiges dra die seël van die Heilige Gees want ons eintlike bestemming is die ewige lewe. Die Heilige Gees is hierin self die seël. Hy verseël ons met Homself. Hierin sien ons Wie Hy die Heilige Gees is, wat Hy doen en hoe Hy dit doen. Niemand kan hierdie werk van die Gees ongedaan maak nie, niemand kan hierdie seël vernietig nie.

Geliefdes, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, God Drie-Enig staan vir ons Borg dat ons nie verlore kan gaan nie. Ons het soveel genade ontvang waaroor ons maar net kan dankbaar wees. Niks wat ons kan gee om dit te verdien nie. ’n Sterker vastigheid, ’n groter sekerheid kan daar nie wees as dit wat ons vandag hier in paragraaf 8 bely het nie.

AMEN